BELEID OOR INTERAKSIE TUSSEN OUERS, AFRIGTERS EN MHS TEN OPSIGTE VAN SPORT- EN SPORTSPANNE

Hierdie beleid het ten doel om die interaksie tussen ouers en sportafrigters by MHS te definieer en 'n stel reëls te skep waarbinne afrigters en ouers tot voordeel van die leerders werk, terwyl elke betrokke party se rol beklemtoon word en wedersydse respek gehandhaaf word.

'n Gemeenskap wat die welstand van ouers, leerders, opvoeders en afrigters prioritiseer en ondersteun en die prestasies van ons skool veral op sportgebied ten doel het, is tot voordeel van die skool in totaliteit.

Die volgende reëls sal met onmiddellike effek van toepassing wees.

1. Ouers mag afrigters nie voor, tydens of ná wedstryde en oefeninge nader om enige besware of vrae te opper of te bespreek nie.

2. Leerders moet aangemoedig word om eers met die afrigter te praat indien hy/sy 'n beswaar of bekommernis het. Hierdie interaksie is deel van die leerervaring om leerders op die volwasse lewe ná skool voor te berei.

3. WhatsApp-groepe is bedoel vir die oordra van relevante inligting en reëlings, en nie 'n platform vir bespreking tussen afrigters en ouers nie.

4. Afrigters mag nie op 'n persoonlike basis met ouers oor spankeuses of die meriete van enige kind in 'n spesifieke span kommunikeer nie.

5. Alle sportnavrae moet per e-pos aan die hoof van die spesifieke sportsoort en/of die adjunkhoof gerig word.

6. Indien kommer bestaan oor moontlike diskriminerende of kultureel onsensitiewe gedrag, moet klagtes skriftelik aan die Voorsitter van die Beheerliggaam gestuur word vir verdere ondersoek. Die klagtes sal oorweeg word en daarop gereageer word. Alle interaksies sal deel wees van die amptelike rekord.

7. Die Beheerliggaam se Verteenwoordiger: Sport sal 'n vergadering belê om al die kante van die klagte te ondersoek. By die vergadering sal 'n besluit gemaak word met inagneming van die skoolbeleid, en in die belang van die leerder sowel as die skool.

8. Alle kontak en verbintenisse, hetsy persoonlik of per e-pos, moet op 'n respekvolle, volwasse en beskaafde wyse plaasvind. Dit is belangrik om 'n goeie voorbeeld te stel vir ons kinders om na te volg.

9. Ouers en afrigters mag nie mekaar betrek in vergelykende besprekings oor spankeuses, of die meriete van ander spanlede nie.

10. Oefeninge is bedoel vir die span en die afrigter om vir wedstryde voor te berei. Indien ouers dit wel bywoon, is dit slegs in die rol van toeskouer of ondersteuner.

11. Ondersteun die span en die skool deur die afrigter en die wedstrydbeamptes te ondersteun. Vriendelikheid kan u ver bring.

Ons maak staat op u ondersteuning en bedank u vir u lojaliteit. Ons sien uit na 'n wonderlike sportseisoen wat voorlê waar ons leerders kan floreer.